

M.A. Kruger

Andries Kruger, soos hy aan almal bekend is, is op 9 Junie 1930 te Kuruman gebore. Hy het as 'n plaasseun opgegroeï as deel van 'n groot gesin. Na sy skoolopleiding het hy hom bekwaam as 'n onderwyser aan die destydse Steynsburgse Onderwyskollege. Daarna het hy 'n tyd lank onderwys gegee. In sy onderwysjare het hy die roeping gevoel om predikant te word. Hy het die roeping opgevolg deur in 1956 by die PU vir CHO in te skryf vir studie in die Teologie. Reeds hieruit blyk sy besondere persoonlike gawe van toewyding en deursettingsvermoë – gawes wat deurentyd 'n kenmerk was van sy persoonlike en akademiese loopbaan.

Sy studie was suksesvol en in 1958 het hy die B.A.-graad met onderskeiding verwerf. Daarna het 'n Honns. B.A.- (Grieks) in 1959 gevolg en 'n Th.B.-graad in 1962. Hierdie grade het weereens van hoogstaande akademiese gehalte getuig. In 1963 het Andries Kruger tot die bediening in die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika toegetree. Hy bedien agtereenvolgens die gemeentes Aranos-Ghanzi (1963-1968); Gobabis as sendeling onder die Boesmans; Swartruggens (1969-1971); Johannesburg-Wes (1971-1974); Sibasa as sendeling (1974-1977) en Kuruman (1977-1978). Sy bediening is gekenmerk deur sy voorliefde om gemeentes te bedien waar daar werklike nood bestaan het – 'n belangstelling en werksywer wat ook in die sendingveld neerslag gevind het. Hy en sy gesin het nie moeite ontsien vir die bediening nie.

Benewens die werk op die 'voorposte' het M.A. Kruger tussendeur met studie besig gebly. In 1971 het hy 'n Th.M-graad in Missiologie voltooi en in 1973 'n Th.D-graad in dieselfde vakgebied. In sy proefskrif het hy besondere aandag gegee aan die moderne ontwikkelinge op sendinggebied, veral in die Wêreldraad van Kerke. Oor hierdie aspek het hy in Nederland en Genève navorsing gedoen. In 1983 het sy liefde vir die Nuwe Testament hom aangespoor om 'n tweede doktorsale studie in die Teologie aan te durf wat gelei het tot die verwerwing van 'n DD-graad aan die Universiteit van Pretoria. Sy navorsing vir hierdie graad het gehandel oor "Openbaring, geloof en geregtigheid in Romeine 1-4".

In 1978 is M.A. Kruger beroep na die Hammanskraalse Teologiese Skool waar hy Nuwe Testament gedoseer het. Ook in die Diakonologie het hy Kategetiek aangebied en sy ervaring van die sendingveld het met hierdie akademiese werk gou geblyk. In die periode 1978-1994 het hy op nasionale vlak 'n aktiewe rol in die uitbou van die Nuwe-Testamentiese wetenskap en die Sendingwetenskap gespeel. Hy het verskeie akademiese publikasies as resultaat van deeglike navorsing die lig laat sien. Die belangrikste hiervan is die kommentaar op Romeine wat in 1993 voltooi is. Tans werk hy aan 'n kommentaar op Galasiërs. Benewens sy aktiewe rol in die Nuwe-Testamentiese werkgemeenskap in Suid-Afrika het hy ook in die buiteland opgetree en erkenning geniet. Hy het lesings gelewer by die Universiteit van Leuven in België en het in 1994 opgetree by die kongres in Nederland wat gehandel het oor "The Vitality of Reformed Theology".

Binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het hy altyd sy lig laat skyn. Hy het gereeld die Woord bedien tydens sy dienstermyn en het steeds met praktiese sendingwerk besig gebly. Daarbenewens het hy 'n lewendige belangstelling getoon in nuwere ontwikkeling binne die kerke. Hy het ook nie gehuiwer om telkens sy standpunt oor aktuele sake te stel nie. As polemikus het sy bydraes getuig van sy liefde vir die Skrif en die kerk. 'n Kenmerk van M.A. Kruger was dat hy hom altyd goed voorberei het, selfs vir die kleinste byeenkoms waar hy moes optree. Sy werk op talle kerklike deputaatskappe het ook nie ongesiens verbygegaan nie.

M.A. Kruger is getroud met Sophie Potgieter en hulle het drie dogters en een seun. Soos blyk uit hulle werksaamhede het die gesin baie opofferinge gemaak om die evangelie te verkondig. Wie hulle ken, het gou besef dat Andries en Sophie deernis het vir mense, veral vir die minder bevoorregtes. Daarby is albei geseën met 'n besondere werkywer waardeur hulle baie bereik het. Die Here het inderdaad hulle gewes aangewend om lig te bring in baie donker en neergeboë harte.

As kollegas en vriende van Andries en Sophie kyk ons saam met hulle terug op 'n lang en geseënde pad. Daaruit leer ons hoe die almagtige God mense gebruik vir die heerlike taak van die verkondiging van die evangelie. Ons is saam met hulle dankbaar. Met hulle emeritaat bid ons hulle seën

en sterkte toe. Mag die jare vorentoe vir hulle gelukkige jare wees onder die liefdevolle hand van ons hemelse Vader.

J.M. Vorster

Departement Ekklesiologie en Dogmatologie

TSP/PU vir CHO

POTCHEFSTROOM

